

20 September

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 5:2-6:11

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 2:6, 5:11-6:11

Die Here se liefde breek uit die donkerheid van die tempel uit

Die Here is getrou aan sy verbond: "Sy goedertierenheid (sy onveranderlike liefde) sal bestaan in ewigheid." Toe die ark in die tempel geplaas is, was dit die loflied wat begelei is deur trompette, simbale en ander musiekinstrumente. Dis ook woorde wat meermale in 2 Kronieke na vore kom (7:3,7, 20:21) en in Psalm 136 die refrein vorm. Die hartklop van die ware geloof is om Hom vir sy onveranderlike liefde te dank. Die Here beantwoord hierdie hoogste offer – die offer van dankbare harte – deur die tempel met sy heerlijkheid, sy magtige teenwoordigheid, te vul (5:14). Ware godsdienst is nie om God deur koue, dooie voorskrifte te probeer tevrede stel nie, maar dit is 'n innige, persoonlike verhouding tussen God en sy volk. Die gelowiges is bly in hulle God en God wys dat Hy saam met hulle bly is. Hierdie rykdom is reeds in die ou verbond duidelik.

Die armoede is egter dat hierdie feit nog nie uitgebasuin word aan alle volke en lande nie. Salomo weet dat die hoogste hemel die Here nie kan bevat nie (2:6, 6:18), nogtans bou hy vir Hom 'n tempel, 'n vaste woonhuis om ewig in te bly (6:2). Hy sê: "Die Here het gesê dat Hy in donkerheid wil woon" (6:1). Salomo beskryf die tempel as God se rusplek (6:41).

Ons weet dat die tempel se voorhangsel met Jesus se kruisiging geskeur het. Hy bly nie in 'n tempel wat deur mensehande gemaak is nie (Hand 7:48, 17:24). God sluit Homself nie toe in donkerheid nie. Hy skyn helder in 'n donker wêreld deur sy Seun, Jesus Christus (Joh 1:5; 9:5). Óns is bedoel as sy lampe waardeur Hy lig uitstraal (Matt 5:14-16, Ef 5:6-14 en Op 1:20).

Sing: Psalm 26:1,5

Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)